# GESKIEDENIS-OLIMPIADE 1995

Die negende Geskiedenis-olimpiade waarvan die eerste ronde op 17 Mei en die tweede ronde op 3 Augustus plaasgevind het, was weer eens 'n groot sukses. Daar was 'n mooi toename in die getal leerlinge wat deelgeneem het, van 2 083 na 2 251 maar 'n daling in die aantal skole - van 219 tot 195. Dit was ook opvallend dat leerlingdeelname aan Afrikaanstalige skole steeds afneem, van 798 in 1994 tot 704 in 1995. Aan die ander kant bly dit opvallend dat die getal Afrikaanstalige leerlinge onder die medaljewenners konstant hoog bly. Die verspreiding tussen die geslagte wat deelnemers betref, is besonder eweredig. In 1995 was daar 1 085 seuns en 1 166 dogters. Daar neem dus meer dogters deel, maar die seuns oorheers nog die medaljewenners. Dit blyk ook uit die getalle wat na die tweede ronde deurdring. Van die 52 wat vanjaar aan die tweede ronde deelgeneem het, was 39 seuns. Die aantal st 8- en 9-leerlinge wat na die tweede ronde deurdring, het vanjaar aansienlik gestyg - 4 st 8's en 12 st 9's, amper die helfte van die deelnemers aan die tweede ronde.

Die verrassende van vanjaar se Olimpiade is dat die wenner van die Goue Medalje, Danie Smit van die Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch, nie Geskiedenis as vak neem nie. Sy vakrooster is eenvoudig só vol dat hy nie Geskiedenis kan inpas nie. Daarvoor kompenseer hy deur intensief oor die geskiedenis te lees. Danie het in beide die eerste en tweede ronde bo die 80% gepresteer wat hom die loshande wenner gemaak het.

Daar is sekere skole wat bykans elke jaar 'n medaljewenner oplewer. Dit toon net weer eens die belangrike rol van die onderwyser. King Edward VII High School in Johannesburg is in hierdie opsig toonaangewend. Pietersburg Hoërskool het tot verlede jaar ook dié prestasie behaal. Vanjaar het hulle nie medaljewenners nie - maar 'n nuweling, Hoërskool Jeugland Kemptonpark het twee. En die rede? Mnr. Schalk Bezuidenhout het van die Hoërskool Pietersburg na Jeugland verskuif.

Die Olimpiade-komitee ontvang jaarliks oortuigende bewyse dat dit in die meerderheid gevalle die onderwyser is wat die verskil maak. GISTER EN VANDAG het, toe die lys van kwalifiseerders vir die tweede ronde bekend geword het, aan elkeen van die 52 deelnemers geskryf en gevra om in 'n kort paragraaf van 100 woorde te sê waarom hulle in Geskiedenis belangstel. Ongelukkig het ons nie van almal 'n antwoord ontvang nie. Die wat wel geantwoord het, se antwoorde verskyn hiernaas. Lees gerus wat hulle sê en oordeel vir uself.

In 1996 word ook 'n st 6 en 7 olimpiade aangebied. Meer besonderhede verskyn in 'n Engelse bydrae in hierdie uitgawe. Dit is onderwysers se geleentheid om hulle belowende jong kandidate aan 'n nie-amptelike nasionale standaard te toets. Neem gerus deel en bevorder u vak en u leerlinge se ontwikkeling op hierdie wyse.

## DAAROM NEEM EK GESKIEDENIS

**Goue medalje:**

Daniël Jacob Smit
Paul Roos Gimnasium
Stellenbosch



Onderwyser: Ek neem nie Geskiedenis as vak nie, maar die koördinerende onderwyser vir die olimpiade is mnr. Hanekom.

**Geskiedenis: ons spieël**

Geskiedenis is nie maar net 'n klomp droë feite vir akademici nie. Dit is soos 'n spieël waarin ons kyk: ons sien wat agter ons is, maar ons sien ook onsself voorop, die produk van die dinge wat voor ons gebeur het. Geskiedenis is die studie van die reaksie van mense in besondere situasies, en daarom verskaf dit leidrade oor hoe mense in die toekoms kan optree in dieselfde situasies. Behalwe dat dit ons perspektief gee oor wat ons is en wil wees, lees geskiedenis ook soms soos 'n spannende roman met onverwagse wendinge - ons kan self net die resultate sien.

Dankie

**Silwer medalje-wenners:**

**Tweede**



Geo Quinot
Hugenote Hoërskool
Wellington

Onderwyser: Mnr. D.J. Spamer

Die Franse historikus, Fustel de Coulanges, het eenmaal gesê: "Years of analysis are required for one day of synthesis". Hierdie woorde vat baie filosofies die motivering van my belangstelling in Geskiedenis saam. Ek vind dat Geskiedenisstudie my 'n baie groter belangstelling en ook begrip in nie net die Suid-Afrikaanse belewing nie, maar ook die wêreldsituasie van vandag gegee het. Kennis van gister help my om vandag te verstaan. Iets of iemand bly tog vreemd, geheimsinning as jy nie sy agtergrond, waarvan sy verlede 'n integrale deel is, ken nie. Geskiedenisstudie is vir my die opwindende ontdekkingstog van dié geheime.

**Derde**



John-Henry Horn
Hoërskool Stellenbosch
Stellenbosch

Onderwyser: Mnr. A.J. van Wyk

Geskiedenis is vir my belangrik om dieselfde redes as wat dit uitsonderlik interessant is. Geskiedenis het te make met die mens en wat met die mens gebeur. Dit is interessant, selfs al sou dit geen vaardighede aanleer of op enige manier insigte bring oor die hede nie, maar tog doen Geskiedenis dit. Dit leer 'n mens ook baie oor die mens se natuur, help mens om te verstaan hoekom die hede so daar uitsien en hoekom hedendaagse gebeure plaasvind. Dit word ook algemeen aanvaar dat "Geskiedenis herhaal word". Uiteindelik is Geskiedenis maar net weer 'n bron van die mens en gebeure om die mens en dit maak dit oneindig belangrik en interessant.

---

**Ander silwermedalje wenners:**

Christopher Cameron
Deutsche Schule
Pretoria

History teacher: D. Innes

When living in a country with such a turbulent and dramatic history as South Africa, it should be more an obligation than an option to take History as a subject. Without greater insight into and understanding of the forces that shaped this nation, one will never be able to comprehend the complex and dynamic society that is uniquely South Africa's.

The only subject that can teach a scholar how to analyze a situation objectively, be it political or social, remains History. The study of other nations' histories not only lets us understand their problems and points of view, but also gives us a useful reference guide on how to tackle future problems in the best way possible. In the past we have been blind to the opinions of the whole world concerning our political situation. History as subject allows the scholar to break free from his laager mentality and encourages him to critically analyze the world around him. That is what attracted me to this subject in the first instance.

The people of South Africa are the ultimate guardians of their own democracy, and as such, they must make sure that their government does what is in this country's interest. The study of History ensures that one is able to deliver informed comment on the running of the country. Therefore everyone should be encouraged to take up History as it can only be in their interests.

---



Tanya de Villiers
Hoërskool Jeugland
Kempton Park

Onderwyser: Mnr. P.H.S. Bezuidenhout

Die bestudering van geskiedenis plaas perspektief op die wêreldbedeling soos ons dit vandag het.
Kennis van die verlede werp lig op hedendaagse toestande en gebeure.
Ons plek in tyd en ruimte word bepaal deur ons spesifieke geskiedenis.

---



Marius Gey van Pittius
Hoërskool Clanwilliam
Clanwilliam

Onderwyser: Mnr. E. Ferreira

Uit: Ons Kontrei

Geskiedenis is vir my meer as net 'n skoolvak. Dit is 'n verpersoonliking van die verlede. Die geweldige waarde van Geskiedenis word dikwels op skoolvlak totaal misgekyk en die sprake dat dit as vak op skool gaan verdwyn, maak my opreg bekommerd.

'n Volk of individu se toekoms word grootliks deur sy verlede bepaal. Tradisies, kultuur en godsdiens vorm die basis van die meeste volkere se voortbestaan. Die geskiedenis loop parallel met die ontwikkeling van mense op alle vlakke hetsy ekonomies, polities of sosiaal.

Geskiedenis het groot waarde in die opvoedingsperiode van 'n leerling. Die kind word aangemoedig en geprikkel om verder te dink en te redeneer oor sake. Ideologieë word goed deurdink. Die gevolg is 'n nuwe generasie met vindingryke idees. Uiteindelik baat 'n land se politieke en ekonomiese stelsels hierby.

Geskiedenis het iets in my aangeraak wat niks op so 'n manier kon doen nie. Antwoorde op vrae het gapings oorbrug wat vir my tot persoonlike strewes gelei het. Politiek speel 'n belangrike rol in die bepaling van 'n land se strewe na 'n beter toekoms. En geskiedenis is mos maar grootliks die politiek van die verlede.

Ek is oortuig daarvan dat kennis van Geskiedenis baie bydra tot die stryd teen die euwels van die moderne tyd. Ek neem die vak omdat ek die waarde daarvan vir vandag besef.

---



Gerhard Grové Lottering
Hoërskool Kanonkop
Middelburg

Onderwyser: Mev. F. Steyn en mev. V. Diederiks

Geskiedenis is nie 'n droë, vervelige vak nie. Geskiedenis is die opwindende verlede van ons voorvaders, hul lewensstryd en pogings om hulle toekoms en ons hede te skep. Deur volke se geskiedenis te bestudeer leer 'n mens hulle karakter en vermoëns ken en is dit moontlik om die toekoms te sien. Dit is noodsaaklik om jou eie volk se geskiedenis te ken aangesien sy kultuur en trots daardeur bewaar word vir die volgende geslag. Geskiedenis is nie

nuttelose feite nie. As ons die verlede bestudeer leer ons uit ons voorvaders se foute en probeer dus 'n beter toekoms skep.

---

Gideon Maltz
Carmel College
Glenmore,
Durban

History teacher: Mrs Althea White

History is a unique subject whose significance transcends the mere syllabus. Naturally, History is of importance by virtue of the knowledge of the past that it bestows on the pupil. Yet unlike the fact-orientated subjects of Science or Economics, History truly develops the skills of writing an analytical essay and of arguing coherently - both so crucial at university and in life. Moreover, History fosters an awareness of the world: an understanding of the political, social, economic and labour spheres of our society. Phrased succinctly, History creates the enlightened man.

---



Mariska Piek
Hoërskool Jeugland
Kempton Park

Onderwyser: Mnr. P.H.S. Bezuidenhout

Om te sê dat Geskiedenis die veiligheidsgordel teen die verlede se foute is, is maklik. Geskiedenis is egter meer as dit. Die brandpunt van die meerderheid van ons reaksies en standpunte lê by 'n gebeurtenis in die verlede. Hoe kan ons dan ons daarop roem dat ons massa-optredes verstaan as ons nie 'n benul van ons geskiedenis het nie.

Geskiedenis is standvastig en onveranderbaar. 'n Fout bly 'n fout en 'n prestasie bly 'n prestasie, daar vir almal om te sien.

Daarom glo ek dan ook dat ons in die toekoms meer prestasie as foute sal hê. Almal van ons wil tog goed lyk in die oë van die geslag van môre.

---

Che-Chia Yu
King Edward VII High School
Johannesburg

To me History is more than a subject, but rather a life skill, a life skill which equips one with hindsight, which so many of today's leaders lack. I firmly believe that humanity cannot progress unless it builds on present and past knowledge, which are like the foundations of a house - if there is one, the structure will be strong and firm and if there is not, the house will be weak and collapse. I therefore see History as forming the basis of this foundation. History is created every second of the day by ordinary people doing extraordinary things - a dynamic nature which gives it contemporary significance. Even the News one views at night is nothing more than a summary of the day's History and one should not be surprised by its high TV ratings.

---

**Enkele deelnemers aan die tweede ronde:**



Paul R. Badenhorst
The Glen High School
Menlo Park

History Tutor: Mr P. Noonan

History is the academic reflection of mankind's ultimate character - it epitomizes his search for social stability and economic prosperity. Historical events such as the violent Afro-Colonial struggles and the Euro-Nationalitic wars are all too reminiscent of the fact that mankind is constantly striving to self-enrich his individual being and status, often under the guise of what we term 'patriotism' ... dying for the higher cause!

History provokes **interest** as it reflects truth through recorded fact. It pays a **reward** to the fortunate few who observe the result of its past circumstance. There can therefore be no denial of its **importance** in the educational and sociological fields of our society.

"The past is history ... the future is 'OUR-STORY'!"

---



Willem Hendrik Cloete
Hoërskool Wilgerivier
Frankfort

Geskiedenisonderwyser: Mnr. H. Heymans

Ongelukkig beskou baie mense die vak Geskiedenis bloot as 'n laaste uitweg vir desperate persone wat nie die mas kan opkom met 'n ander vak nie. Dit is egter 'n vak wat jou horisonne en lewensuitkyk baie kan verbreed ...

Die geskiedenis herhaal homself en is juis daarom die beste - en enigste - beskikbare aanduider van wat die toekoms mag inhou. As mens die studie van geskiedenis dus erntig genoeg opneem, help dit jou ook om hedendaagse gebeure met meer insig te interpreteer en om te weet wat om volgende te verwag in 'n bepaalde situasie.

'n Belangrike uitvloeisel van die bestudering van Geskiedenis is natuurlik dat 'n mens leer om te studeer onder druk en om studie deel van jou daaglikse roetine te maak deur selfdissipline aan die dag te lê.

---



Seugnet du Toit
Hoër Meisieskool Paarl
Paarl

Onderwyseres: Mej. H. Hickman

Geskiedenis is die vak van die verlede en die toekoms. Die wêreld van vandag is gevorm deur geskiedkundige gebeure op alle terreine. Net so is die hede die geskiedenis van die toekoms.

'n Vroeë liefde vir lees het my belangstelling in Geskiedenis aangewakker. Elke persoon in die geskiedenis se verhaal het beide goeie en slegte eienskappe. Hulle persoonlike en algemene lewensomstandighede beïnvloed dikwels hul sienings en uiteindelik hulle besluite. Dit bepaal weer die verloop van die geskiedenis. Geskiedenis gaan tog oor verskillende mense se optrede.

Geskiedenis maak jou 'n vollediger mens. Dit het my geleer dat jy die goeie uit die verlede moet neem en die slegte uitskakel om 'n beter toekoms te bou.

---

Gabriël Johannes (Johann) Hugo
Hoër Jongenskool Paarl
Paarl

Onderwyser: Mnr. P. Warnich

In my vroeë skoolloopbaan het ek die wonder van lees ontdek en verhale van die verlede was hoog op my lys gewees. Ek het dus van my laerskooldae af van Geskiedenis gehou. Alhoewel ek ouer geword het, het dié liefde my bygebly.

Geskiedenis het my ook byvoorbeeld gehelp om sekere politieke gebeure tot 'n groot mate vooruit te voorspel en so 'n kennis mag my eendag baie handig te pas kom.

Dit is nou ook so dat die Geskiedenisperiode gewoonlik dié een is waarna ek die meeste uitsien. In die klas self help dit al die leerlinge om bv. analities te dink en om kwessies ook deur te praat om hul gespreksvaardighede uit te brei.

---



Hanlie Jacobs
Hoërskool Tuine
Hercules

Onderwyser: Mnr. F. Kitching

Die studie van Geskiedenis is vir my belangrik omdat 'n land se geskiedenis met 'n mens se geskiedenis vergelyk kan word, en 'n mens sonder geskiedenis is nie 'n mens nie. Elke persoon behoort die geskiedenis van sy land en voorouers te ken. Ek vind die vak Geskiedenis baie leersaam omdat dit my die geleentheid bied om histories te dink en die hoofsaak van die bysaak te skei. Dit is ook baie interessant omdat ek baie belangstel in ander mense (asook ander lande) se doen en late. Buiten die studeerwerk, geniet ek ook die vak omdat dit soos 'n feëverhaal is wat homself tydig en ontydig herhaal.

---



Avital Kawalsky
Herzlia High School
Cape Town

History teacher: Mrs. S. Beder

For in that great marvel of time, history is recorded forever. We are 'history' and live in its future textbook. Its causes and consequences - from Bastille to Sharpeville-cries of freedom, equality and brotherhood. Cries of human slaughter from the Holocaust to Bosnia-Hercegovina. We dictate the course of history, yet blame it for taking us there. History rewards us with insight into mankind - its accomplishments, successes and failures. History teaches us moral lessons about man, yet we can't learn from its tidal repetition. Years from now in that high court of justice our grandchildren will pass judgement on us, "wherein they shall find many joyous and pleasant histories and noble acts of humanity and chivalry. For herein may be seen humanity, hardiness, love, friendship, cowardice, murder".

---

Allan B. Leuta
Parktown Boys High School
Parktown

History Teacher: M.S. Zimmerman

In studying history we study ourselves. History is in essence the record of our social and material evolution. It is essential in building durable economic and social machinery. One of the lessons I have gained from history is that nothing stays the same; to put it in simple terms, it must either adapt or face destruction and extinction.

---

Christel Marais
Hoërskool Tuine
Hercules

Onderwysers: Mnre. F. de Beer en F. Kitching

Vir my is Geskiedenis nie net iets van die verlede nie, maar wel iets wat vandag steeds herhaal word en my dus ook 'n voorspelling van die toekoms gee. Omstandighede mag verander, maar mense tree maar meestal dieselfde op in situasies wat min of meer ooreenstem, ongeag of dit 1895 of 1995 is!

Geskiedenis is daarom vir my 'n studie van mense en ek vorm met behulp daarvan 'n idee van hoe mense in ons kontemporêre geskiedenis gaan optree.

Geskiedenis is die enigste vak wat soos 'n storie verloop en is daarom nie so erg om te "leer" nie. Geskiedenis is vir my so belangrik, want iemand wat nie kennis van sy geskiedenis besit nie, is iemand sonder 'n verlede en met 'n halwe toekoms!

---

Joshua Mendelsohn
Herzlia High School
Cape Town

Teacher: Mr R. Mendelsohn

Knowledge of history, such as of South Africa, provides the ability to understand more deeply the state of the country at the moment socially, economically and politically. History is a tool in understanding people, and their particular viewpoint on life. It is fascinating to examine how people overcame problems, caused problems; what was most important to them in their lives; how specific events affected them, and the effects their actions has on events. History is critical for understanding the human condition, and this is why I find it so interesting.

---



J. Niemand
Hoër Jongenskool Paarl
Paarl

Onderwyser: Mnr. P. Warnich

Ek neem nie Geskiedenis as 'n skoolvak nie. Ek geniet dit egter om koerante en boeke oor moderne geskiedenis te bestudeer. Ek vind dat in 'n tyd waar die onderrig van die klassieke vervaag, 'n mens nie die lewe kan ingaan sonder 'n deeglike agtergrondkennis oor die mens nie.

Geskiedenis is nie net dit wat in die handboek, koerante, boeke en ander media staan nie. Om dié vak ten volle te waardeer, moet 'n mens dit uit 'n denkersoogpunt benader, jou eie mening vorm en nie net antwoord wat hulle wil hê jy moet antwoord nie.

Dankie vir iets soos die Geskiedenis-olimpiade.

---



Ruben Adriaan Reynders
Hoërskool Hermanus
Hermanus

Onderwyseres: Mej. E. Nel

Geskiedenis is vir my 'n baie verrykende en leersame vak, en dis vir my 'n groot eer om 'n finalis in vanjaar se Geskiedenisolimpiade te wees. Ek dink dis belangrik dat die jeug sal leer uit die foute van die verlede en juis daarom het Geskiedenis 'n versoenende rol om te speel in die nuwe Suid-Afrika. Geskiedenis is ook vir my baie interessant omdat dit handel oor mense. Elke gebeurtenis het sy eie karakters, elk met hul eie idees en verwagtinge. 'n Mens kan dus altyd iets wyser word uit die Geskiedenis, want dis tog immers waarom God vir ons verstand gegee het.

---



Frank A. van Riet
Hugenote Hoërskool
Wellington

Onderwyser: Mnr. D.J. Spamer

Alhoewel 'n uitdrukking soos "Those who ignore the past are doomed to repeat it", al 'n cliché geword het, kan 'n mens nie die geldigheid van hierdie stelling onderskat nie. Ek geniet dit om die geskiedenis te bestudeer omdat dit my help om mense en groepe om my se optrede te verstaan. 'n Mens kan 'n persoon se optrede soms merkwaardig akkuraat voorspel deur te kyk na die optrede van iemand anders onder soortgelyke omstandighede.

Anders as talle mense voel ek dat Geskiedenis 'n vak is met praktiese toepassings.

---

## GESAMENTLIKE KONFERENSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HISTORIESE GENOOTSKAP EN DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

**10, 11, 12 JANUARIE 1996**

**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

**TEMA**

**GESKIEDENISLEERPLANNE: HISTORIOGRAFIESE TENDENSE EN ONDERRIGBEHOEFTES**

**RIG NAVRAE EN KORRESPONDENSIE AAN:**

Dr. Elize S. van Eeden
Departement Geskiedenis
PU vir CHO
POTCHEFSTROOM 2520
Republiek van Suid-Afrika
Tel. (0148) 299-1599 (W)
Faks. (0148) 299-2799

---